

Preekvoorligting Sondag 1 September 2019

Skriflesing: Genesis 3: 1 – 10

Teksvers: Genesis 3: 9

Tema: Waar is jy?

Die geskiedenis van die skepping en dan die sondeval is aan elke kerkmens goed bekend. Die kleinste kindjie kan vertel van Adam en Eva, die paradys, die slang en die sonde waardeur die mens sy wonderlike lewe in die tuin van God verruil het vir die gespook en gespartel van vandag.

1. Die mens en die skepping

Die Here God het die mens geskape, Hy het hom goed geskape. God het alles aan die mens gegee wat hy nodig gehad het – kos, woonplek, dagtaak, maar ook die proefgebod (Gen. 2:17). Die proefgebod was vir die mens nodig sodat hy daardeur sy liefde vir sy Skepper kon duidelik maak. God sê jy mag nie van die boom eet nie en die mens openbaar sy liefde vir God deur te doen wat God eis. Dan die hartseer geskiedenis van die satan wat die mens tot 'n val bring. Hy beroof hom van die band wat hom aan God bind, die band van liefde geopenbaar in sy gehoorsaamheid aan God. Die mens sondig met die gevolg dat dit 'n ingrypende uitwerking op sy lewe het.

2. Die mens en die sonde

Nadat Adam en Eva gesondig het, doen hulle iets wat hulle nooit voorheen gedoen het nie. Hulle maak vir hulle skorte van vyeblare en kruip weg vir God. Die aanmekeerwerk van die vyeblare was niks anders as 'n poging van Adam en Eva om hulle sondigheid weg te steek nie. 'n Paar vyeblare om die middel en dan maak of niks gebeur het nie. Hier duidelik die mens se lewe van bedrog – 'n paar vyeblare om die middel en daar gaan hy asof niks gebeur het nie. By die mens van vandag is daar ook die lewe agter die vyeblare – die lewe van bedekking, van wegsteek, van ontken. Maar dit is nie die enigste uitwerking van sonde op die mens nie – hierdie “lewe agter die vyeblare” het 'n verdere gevolg van “vlug vir God”. Die sonde, die lewe agter die spreekwoordelike vyeblare, neem Adam en Eva weg van hulle God. Dit plaas hulle op die pad van bedrog nl. “alles is reg”, terwyl hulle in werklikheid op die ewige afgrond afstorm.

3. Die mens en God

Adam en Eva kies 'n lewe agter vyeblare weg van God, maar dan kom God en Hy roep: Mens waar is jy? Die mens is sondaar, maar God roep nog steeds: Waar is jy? Adam en Eva het oortree, hulle het die ganse mensdom in die sonde gedompel, maar God kom nog steeds en soek hulle op. Hierin lê die redding vir die mensdom. God het nie vanweë die mens se sonde sy rug op die mens gedraai nie – Hy soek hom steeds op. En die sonde? Gen. 3: 15: *“En ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hy sal jou die kop vermorsel, en jy sal hom in die hakskeen byt”*. Hierdie is God se groot opsoek van die mens daarin dat Hy sy Seun as Middelaar en Verlosser aan die dood oorgee om sodoende die sonde van die mens uit te wis. Adam en Eva moes nie vir God vlug nie, maar reageer op sy roepstem sodat die belofte van die verlossing daarna vir hulle 'n werklikheid kon word.

Die Here vra vir elkeen van ons vanoggend:

Waar is jy?

Mag die HG ons lei om nie te vlug nie, maar nader na God te kom in elke aspek van ons lewe.